

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)  
 Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

***Yeshua is die hart van die Vader!***

## Parashah 39: *Chukkat* – Verordening (Wetsinsetting)

יהוה het met Moshe en Aharon gepraat en gesê: “Hierdie is die instelling van die wet wat יהוה beveel het deur te sê: ‘Praat met die seuns van Yisra’el dat hulle vir jou ‘n vlekkelose rooi verskalf bring wat geen gebrek het nie en waarop geen juk gekom het nie. Num. 19:1 en 2 – PWL<sup>1</sup>

**Torah:** Num. 19:1 tot 22:1.

**Haftorah:** Rigters 11:1 tot 33.

**Nuwe Verbond:** Heb. 9:11 tot 22; 13:10 tot 13; Joh. 3:9 tot 21; 1 Kor. 10:4; Joh. 4:10 en 14; 7:37 en 38; Open. 22:17; Luk. 10:19; 1 Kor. 15:55 tot 5; Jak. 4:7.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 39 wat afgelaai kan word by: [Parashah39Notas14](#) en [Parashah39Notas15](#) en [Parashah39Notas16](#).

*We must not for a moment think that there is no more light, no more truth, to be given us. We are in danger of becoming careless, by our indifference losing the sanctifying power of truth, and composing ourselves with the thought, “I am rich, and increased with goods, and have need of nothing.” [Rev. 3:17.] While we must hold fast to the truths which we have already received, we must not look with suspicion upon any new light that God may send – Flow Bors.*

<sup>1</sup> Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling ([www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch)), behalwe waar anders vermeld. Om ‘n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com) gekontak word of telefonies by 074 361 2134.

*People do not believe lies because they have to, but because they want to – Malcolm Muggeridge.*

*The beginning of wisdom is found in doubting; by doubting we come to the question, and by seeking we may come upon the truth – Pierre Abelard.*

## Midrash (Torah Bespreking)

### Hersiening

In die vorige drie Torahstudies het ons met rebellie teen YHVH te doen gekry en telkens geleer van die gevolge daarvan. Ons moet dus deeglik besef dat rebellie is ongehoorsaamheid aan YHVH se Woord en wantroue in Sy beloftes, asook ontevredenheid met Vader se voorsiening en met Sy aangestelde gesag!!

In Torahstudie 38 het ons geleer van die rebellie van Korag en sy bende. Dit herinner ons daaraan, en dien as waarskuwing, dat hoogmoed, ambisie en 'n gevoel van verontregting maklik kan ontaard in kwaadspraak en rebellie teen YHVH ons God en Vader. Ons Vader duld nie rebellie in sy huishouding nie! Dit kan soos 'n wortel van bitterheid (Heb. 12:15) versprei en baie onrus verwek – baie kan daardeur besoedel word. Die gevolg kan wees dat ons sonder die onverdiende guns van YHVH in Yeshua gevind sal word!

Die naam van hierdie week se Torahskriflesing is *chukkat* (חֻקֹּתַי) en beteken 'n instelling van die Torah, naamlik 'n wetsinsetting. YHVH se onderrig en instruksies aangaande die rooi verskalf en die reiningswater is dus 'n *chukkat* en word gedefinieer as 'n gebod (opdrag; bevel) wat 'n geheimenis bevat wat bo ons menslike begrip, wysheid en kennis is.

### Jou Eerste Liefde

In die boek Openbaring lees ons van die inhoud van die brief wat Johannes aan die gemeente in Efese moes skryf. In hierdie brief word die gemeente deur Yeshua getugtig omrede hulle hul eerste liefde verlaat het:

*4*maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. *5*Onthou van waaruit jy gekom het en doen die dade van vroeër, anders kom Ek teen jou en Ek sal jou kandelaar wegvat as jy nie wegdraai van jou sonde na God toe nie. Open. 2:4 en 5.

Hulle liefde vir YHVH Yeshua het gekwyn. Die aanvanklike opgewondenheid, vreugde en dankbaarheid vir YHVH se genade en Yeshua se opoffering het verdwyn!

Die Good News Bible vertaal dit soos volg: *But this is what I have against you: you do not love me now as you did at first.*

Ten spyte van die goeie hoedanighede van hierdie gemeente het hulle ten opsigte van die belangrikste hoedanigheid tekort geskiet, want Yeshua het YHVH se maatstaf van liefde gebruik om die gemeente van Efese aan te meet. Daarom het Yeshua die Fariseër wat Hom gevra het watter bevel is die grootste in die Torah soos volg geantwoord:

*37* “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. *38* Dit is die eerste en grootste

*opdrag 39 en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. 40Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.” Matt. 22:37 tot 40.*

Hoewel alle onderrig en instruksies van YHVH groot (belangrik) is, is daar een wat die grootse (belangrikste) van almal is, naamlik liefde vir YHVH en liefde vir naaste, want aan hierdie twee gebooi hang die hele wet en die profete. Dit is dus duidelik dat die gemeente van Efese in die area van liefde vir YHVH en liefde vir naaste verflou het.

Adam Clarke’s Commentary on the Bible verduidelik dit soos volg: *Consider the state of grace in which you once stood; the happiness, love, and joy which you felt when ye received remission of sins; the zeal ye had for God’s glory and the salvation of mankind; your willing, obedient spirit, your cheerful self-denial, your fervour in private prayer, your detachment from the world, and your heavenly-mindedness. Remember – consider all these.*

Daarom het Yeshua aan die gemeente in Efese gesê:

*Onthou van waaruit jy gekom het en doen die dade van vroeër, anders kom Ek teen jou en Ek sal jou kandelaar wegvat as jy nie wegdraai van jou sonde na God toe nie. Open. 2:5.*

My vraag vandag: Is die “gemeente” van die Messiaanse Beweging ook skuldig aan die tugtiging soos vervat is in die brief aan die gemeente van Efese? Het die Messiaanse Beweging hulle eerste liefde verlaat?

My ondervinding is dat talle in die Messiaanse Beweging hulle fokus vanaf Yeshua verskuif het na die Torah van Moses. Hierdie fokusverandering is hoofsaaklik om twee redes. Dit begin gewoonlik met die Skrifte van die nuwe verbond wat bevestigteken word, veral die brief aan die Hebreërs en dat Paulus ‘n vals apostel was en deur sommige as die “messias van Satan” beskou word.

Tweedens is daar die bekoring van Rabbynse Judaïsme, en alles wat “Joods” is, wat Yeshua verwerp en die fokus op die Torah van Moses en die Talmud plaas.

Soos Adam Clarke vra ek ook waar is *the happiness, love, and joy which you felt when ye received remission of sins; the zeal ye had for God’s glory and the salvation of mankind.*

So word alles in die Skrifte van die nuwe verbond gemeet aan die Torah van Moses en word geen ruimte gelaat vir die feit dat na die folterdood en opstanding van Yeshua het daar ‘n verandering in die Torah van Moses plaasgevind nie.

Diegene wat nie glo dat al die Skrifte van die nuwe verbond – van Mattheus tot Openbaring – ook deur die Afgesonderde Gees geïnspireer is nie, is diegene wat verblind is vir die verskil tussen die Torah van Moses en die Torah van Yeshua Messias van die nuwe verbond! En dit is ook die rede hoekom daar vasgehou word aan die Levitiese priesterorde wat heringestel sal word met die bou van die derde tempel, en waarom die priesterorde van Melgisédek as die priesterorde van die nuwe verbond verwerp word.

Diegene wat weier om te aanvaar dat daar ‘n verandering in die Torah van Moses plaasgevind het, vergeet ook hierdie woorde van Yeshua aan sy studentevolgelinge:

*12Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle kan dit nie nou ontvang nie, 13maar wanneer Hy, die Gees van die Waarheid, gekom het, sal Hy julle in die hele waarheid lei, want Hy sal nie uit Homself praat nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy sê en die toekoms aan*

*julle openbaar. <sup>14</sup>Hy sal My vereer en loof omdat Hy, uit wat aan My behoort sal vat en aan julle sal wys. <sup>15</sup>Alles wat My Vader het, is Myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal vat uit wat aan My behoort en aan julle wys. Joh. 16:12 tot 15.*

Op die wyse het Yeshua bevestig dat die Afgesonderde Gees Sy studentevolgelinge, waarvan sommige die skrywers is van die Skrifte van die nuwe verbond, sal leer en lei om die volle openbaring te verstaan van Yeshua se folterdood en opstanding en hoe dit verandering in die Torah van Moses teweeg gebring het. Daar was dus nog baie ander dinge wat die Afgesonderde Gees hulle sou leer – nuwe dinge wat ‘n verandering in die Torah van Moses sou bevestig en verduidelik wat dit behels. Voorbeelde hiervan is die gawes van die Afgesonderde Gees en die Vyfvoud bediening as die organisasie struktuur van die gemeente van die nuwe verbond.

Die belangrikste is om altyd te onthou dat Yeshua, Die Gesalfde Een, die hart van die Vader is. Dit moet ons eerste liefde wees en bly!

### **Bepeins of Bespreek**

1. Hoekom word daar so min lering deur die leiers van die Messiaanse Beweging gegee oor die gawes van die Afgesonderde Gees en die vyfvoud bediening? Is dit omrede daar niks in die Torah van Moses daarvoor gesê word nie?

### **Die Torah van die Nuwe Verbond**

Hierdie week se Torahstudie is weereens bevestiging dat daar ‘n verskil is in die Torah van Moses en die Torah van Messias, want die wetsinsetting (verordening; *chukkat*) van die rooi verskalf en die reinigingswater is deur Yeshua Messias eenmalig volbring. Geen verdere verbranding van ‘n vlekkelose rooi verskalf en die voorbereiding van reinigingswater met die as van die verskalf, word benodig nie! Nie huidig nie en ook nie in die toekoms nie, want Yeshua Messias was die einddoel van hierdie gedeelte van die Torah van Moses!

Daarom moet ons die woorde van Paulus in Rom. 10:4 altyd onthou:

*want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou.*

In vorige notas is die verandering in die priesterorde wat plaasgevind het bespreek, naamlik dat die Levitiese priesterorde vervang is met die orde volgens Melgisédek (Heb. 7:12 tot 19).

Net so het daar met Yeshua se folterdood en opstanding ‘n verandering in die onderrig en instruksies ten opsigte van die offerandes soos in die Torah van Moses uiteengesit word, plaasgevind, naamlik dat geen verdere diere offers vereis word nie, want Yeshua is ons eenmalige offer.

*<sup>8</sup>Hierin het die Gees wat Afgesonderd is geleer dat die pad van Afgesonderdheid nog nie openbaar is, solank as wat die eerste Tabernakel nog staan nie. <sup>9</sup>Dit was ‘n bloudrukplan vir daardie tyd, waarin daar geskenke en offers gebring is, wat hom, wat hulle offer, se gewete nie volkome kon maak <sup>10</sup>deur kos, drank en verskillende reinigingswassinge, wat vleeslike instellings is, wat vasgestel is tot op die tyd van hervorming, nie, <sup>11</sup>maar Die Gesalfde Een, wat gekom het, het die Hoofpriester geword van die goeie dinge wat Hy gedoen het en Hy het die groot en volmaakte Tabernakel binnegegaan, wat nie met hande gemaak is nie en nie van*

*hierdie geskepte dinge is nie. <sup>12</sup>Hy het ook nie ingegaan met die bloed van jaarou bokke en kalwers nie, maar met Sy eie bloed het Hy een maal in die plek van Afgesonderdheid ingegaan en ewige loskoping verkry, <sup>13</sup>want as die besprinkeling van die wat onrein is, met bloed van bulle en bokke en die as van 'n vers, hulle kan afsonder tot reiniging van die vlees, <sup>14</sup>hoeveel te meer sal die bloed van Die Gesalfde Een, wat Homself, sonder vlek, deur die ewige Gees aan God geoffer het, ons gewete reinig van dooie werke, om die lewende God te dien. Heb. 9:8 tot 14.*

Die Torah van die offerandes onder die ou verbond is in Yeshua tot volheid gebring. Geen verdere fisiese offerandes volgens die voorskrifte van die Torah van Moses word vereis nie!

*<sup>11</sup>Elke hoofpriester staan elke dag om te bedien en dieselfde offers te bring wat van die ou tyd af nooit die sondes kon verwyder nie, <sup>12</sup>maar Hy het een offer ter wille van sonde gebring en gaan sit aan die regterkant van God vir altyd, <sup>13</sup>wagtend verder totdat Sy vyande 'n voetbank onder Sy voete gemaak is, <sup>14</sup>want deur een offer het Hy vir altyd die wat daardeur afgesonderd is, tot die doel gebring. <sup>15</sup>Die Gees wat Afgesonderd is getuig ook vir ons en sê: <sup>16</sup>“Dit is die verbond wat Ek met hulle sal sluit ná dié dae,” sê יהוה; “Ek sal My wet gee in hulle begrip en in hulle verstand, wil en emosie sal Ek dit inskryf <sup>17</sup>en hulle sondes en hulle oortredinge van die wet sal Ek nie onthou nie,” <sup>18</sup>maar waar daar vergifnis van sonde is, is daar nie 'n offer vir die sonde nodig nie. Heb. 10:11 tot 18.*

Ons moet altyd onthou dat die aardse tabernakel met sy priesterorde en offerandes slegs 'n bloudrukplan was van die hemelse. Na die folterdood en opstanding van Yeshua is die fisiese egter met die geestelike vervang. Daarom is daar 'n Melgisédek priesterorde wat sonder 'n tabernakel en fisiese offerandes funksioneer. Die priesterorde van Melgisédek met Yeshua as Hoofpriester doen nie diens in 'n aardse tempel nie, maar wel in die Hemelse Koninkryk van YHVH!

Ons taak as priesters is om die lofprysing van Hom, wat ons uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, ons wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor ons uitgestort (1 Pet. 2:10).

*<sup>23</sup>Dit was dus nodig dat hierdie dinge, wat bloudrukplanne was van die dinge in die hemel, deur hierdie offers gereinig moes word, maar die hemelse deur beter offers as hierdie, <sup>24</sup>want Die Gesalfde Een het nie ingegaan in 'n Afgesonderde Plek met hande gemaak, 'n bloudrukplan van die ware een, nie, maar in die hemel self waar Hy in die Teenwoordigheid van God namens ons verskyn; <sup>25</sup>ook nie om Homself gereeld te offer, soos wat die hoofpriester elke jaar in die Mees Afgesonderde ingegaan het met bloed wat nie sy eie was nie, <sup>26</sup>want dan moes Hy gereeld gely het, van die begin van die wêreld af, maar nou het Hy een maal tydens die einde van die tye Homself geoffer, om die sonde deur Sy offer te vernietig. <sup>27</sup>Net soos dit bepaal is vir die mens om een maal te sterf en na die dood is die oordeel, <sup>28</sup>só is Die Gesalfde Een ook een maal geoffer en Sy liggaam geoffer vir die sondes van baie, maar die tweede maal verskyn Hy, nie ter wille van sonde nie, maar vir die lewe van hulle wat Hom verwag, Heb. 9:23 tot 28.*

Vir diegene wat glo dat die skrywers van die Skrifte van die nuwe verbond deur die Gees van YHVH geïnspireer was, en dus ewe betroubaar is as die Skrifte van die ou verbond, behoort dit duidelik te wees dat daar 'n verskil is in die Torah van Moses en die Torah van Yeshua Messias, naamlik die Torah van die nuwe verbond.

As wedergebore kinders van ons Vader leef ons volgens YHVH se Torah soos dit in Yeshua vervul (tot sy volheid gebring) is. Daarom verduidelik Paulus dit soos volg:

*1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, 2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, 3 want omdat die wet swak was, deur die sieklikeid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel 4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. Rom. 8:1 tot 4.*

Die doel van die verbranding van die rooi verskalf, en die reinigingswater wat van die as berei was, was vir die seremoniële reiniging van 'n persoon wat met die dood in kontak was. Net so is vertrou in Yeshua se folterdood en opstanding, as versoening met YHVH, die reiniging van elkeen wat geestelik dood was. Yeshua het gesterf sodat elkeen wat in Hom as Verlosser vertrou gereinig kan word van die geestelike dood en die mag wat die fisiese dood oor ons elkeen het.

*14Aangesien die kinders daarom deelgenote is aan vlees en bloed, het Hy aan dieselfde 'n deelgenoot geword sodat Hy deur die dood, die een tot niet kon maak wat outoriteit oor die dood gehad het, wat die teëstander is 15en almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood in slawerny gelewe het, 16want dood het nie outoriteit oor engele ontvang nie, maar oor die saad van Avraham het dit outoriteit ontvang. 17As gevolg hiervan was dit reg dat Hy in alles aan Sy broers gelyk moes word sodat Hy aktief kan omgee en 'n Hoofpriester wees, vertrouenswaardig aan die dinge van God, om toedekking te maak vir die sondes van mense, 18 want hierin, dat Hy self gelyk het en versoek is, kan Hy dié help wat versoek word. Heb. 2:14 tot 18.*

Die verbranding van die rooi verskalf en die bereiding van die reinigingswater bevattende die as van die verskalf was slegs 'n fisiese sinnebeeld van 'n toekomstige geestelike werklikheid. Daarom verwoord die skrywer van die brief aan die Hebreërs dit soos volg:

*Laat ons nader gaan met 'n opregte verstand, wil en emosie in sekerheid van vertrouwe terwyl ons verstand, wil en emosie besprinkel is en gereinig is van 'n bose gewete en ons liggaam gewas is met skoon water. Heb. 10:22.*

Volgens Lev. 19:21 is die verbranding van die rooi verskalf en die bereiding van die reinigingswater 'n ewige insetting (*chukkat*). Dit bly 'n ewige wetsinsetting deur vertrou in Yeshua as die Een wat hierdie wetsinsetting vervul het!

Die enigste wyse wat ons uit die realm van die dood na die lewe kan beweeg, is deur die reinigingsseremonie van wedergeboorte. Die rooi verskalf en die reinigingswater is hiervan 'n sinnebeeld.

Deur wedergeboorte is ons gereinig van ons kontak met die realm van die dood, en wanneer ons weer met die fisiese en geestelike dood in aanraking kom, sal YHVH Yeshua ons telkens opnuut reinig deur in vertrou te gaan om deur Hom gereinig te word. Op die wyse bly dit 'n ewige wetsinsetting!

Die offerandes en die seremonie van die rooi verskalf is uitgedien, maar in die geestes realm bestaan dit steeds. Deur vertrou dat Yeshua in elke opsig dit volbring het, is asof ons deel daaraan het. Die fisiese doen is vervang met die geestelike toepassing daarvan!

## Bepeins of Bespreek

1. Met die beplande derde tempel wat waarskynlik binnekort gebou sal word, sal al die offerandes, asook die voorbereiding van die reinigingswater, tesame met die Levitiese priesterorde heringestel word. Is diegene wat bely dat Yeshua die gekruisigde en opgestane Messias is, en wat met verwagting uitsien na die derde tempel om deelname daaraan te hê, skuldig aan rebellie soortgelyk as die van Korag en sy bende?

-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shabbat Shalom.  
Johan.

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*